

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

5 SAAKNOMMER:

A316/2008

DATUM:

14 NOVEMBER 2008

In die saak tussen:

PATRICK PIPERS

Appellant

10 en

DIE STAAT

Respondent

UITSPRAAK15 THRING, R.:

Op 6 Desember 1998 en te Beacon Valley, Mitchell's Plain, is die oorledene, ene Richard Castor, deur iemand met 'n vuurwapen in die rug met 'n enkele skoot doodgeskiet. Die appellant (as beskuldigde 1) en ene Neville Michaels (as beskuldigde 2) is van sy moord in die streekhof aangekla. Daar was ook 'n tweede en 'n derde aanklag teen hulle van onwettige besit van 'n onbekende vuurwapen en van twee rondtes ammunisie teenstrydig met die bepalings van die artikels 2 en 36 van die Wet op Wapens en Ammunisie, No. 75 van 1969.

Die beskuldiges het albei op aldrie van hierdie aanklakte

onskuldig gepleit. Hulle is deur 'n prokureur tydens hulle verhoor verteenwoordig.

Die appellant is deur die streeklanddros "guilty as charged" bevind. Vermoedelik was die skuldigbevinding ten minste ten opsigte van aanklag 1, die aanklag van moord. Of die appellant aan aanklagte 2 en 3 ook skuldig bevind is, is op die rekord nie duidelik nie. Beskuldigde 2 is aan gewone aanranding skuldig gevind. Die appellant is tot 13 jaar gevangenisstraf gevonnis, vermoedelik ten opsigte van die moordaanklag, alhoewel dit ook nie duidelik is nie.

Verlof om teen sy skuldigbevinding te appelleer is deur die streeklanddros geweier, maar op petisie na hierdie Hof is sodanige verlof die appellant toegestaan.

Op die getuienis voor die Hof is die oorledene ongeveer 10:00 'n.m. op die betrokke dag geskiet terwyl hy en ene Shanaaz Nelson langs 'n straat saamgestap het. Hulle was op pad terug van 'n partytjie. Nelson was die enigste ooggetuie van die incident wat deur die staat as getui geroep is. Sy het getuig dat die twee beskuldigdes, wat sy as Patrick en Neville geken het, hulle genader het. Neville (beskuldigde 2) het toe, sonder om enigiets te sê, die oorledene voor die bors vasgegryp. Die oorledene het hulle toe gevra "Hoe change

"Julle?" Hy het van beskuldigde 2 losgeruk, sy sak op die grond neergegooi en oor die pad gehardloop. "Hoe change julle" beteken blybaar in bendetaal, "wat gaan aan?" Toe het die appellant (Patrick) volgens die getuie 'n vuurwapen te voorskyn gebring en die oordene met 'n enkele skoot in die rug geskiet. Toe hy geskiet het, het die appellant volgens die getuie "voertsek" gesê, maar niks verder nie. Daar is geen getuenis van enige poging aan die kant van die aanvallers van die oorledene om hom van sy sak te beroof nie. Dit het trouens blybaar niks waardevols bevat nie, maar slegs enkele stukkies koek en sjampanje van die partytjie.

Ter stawing van Nelson se getuenis, het die staat een Frieda Lesch as getuie geroep. Sy het die oorledene goed geken.
15 Sy was ook by die partytjie wat die oorledene en Nelson vroeër die aand saam bygewoon het. Sy is later na die toneel van die skietvooral geroep. Daar het die oorledene op die grond gelê. Hy het nog gelewe. Sy het hom gevra wat gebeur het. Sy sê hy het toe drie of vier maal herhaal "Pat het my geskiet".
20 Toe het sy kop gesak en sy tong was dik in sy mond, sê sy. Hoe lank daarna hy oorlede was, is nie bewys nie.

Die appellant en beskuldigde 2 het beide getuig. Hulle het albei ontken dat hulle op die betrokke tydstip op die toneel van 25 die skietery teenwoordig was. Huile het gesê dat hulle eikeen

by sy eie aparte huis was. Die appellant sê dat hy die oorledene baie goed geken het; dat hulle goede vriende van mekaar was en dat daar geen kwaai gevoelens tussen hulle was nie. Hulle was trouens op 'n tydjie, sê hy, lede van dieselfde bende. Daar was geen rede waarom hy (die appellant) die oorledene sou wou doodmaak nie. Beide besuldigdes het ontken dat hulle die oorledene aangeval of doodgemaak het.

In haar uitspraak het die landdros die hoorskede-getuienis van Lesch aangaande wat die oorledene vir haar sou gesê het, sonder meer as toelaatbaar beskou. Hiervan het sy die volgende gesê:

"That is what we call a dying declaration and it is admissible."

In haar uitspraak het die landdros geen aandag hoegegaamd aan die vereistes vir toelaatbaarheid van sodanige getuienis bestee nie. Die toelaatbaarheid van sogenaamde sterwensverklarings word tans deur die welbekende bepalings van artikel 3 van die Wysigingswet op die Bewyssreg, No. 45 van 1988, gereg. Die kernvraag wat deur 'n Hof in hierdie verbandoorveeg moet word, is of die betrokke getuienis in die belang van geregtigheid toegelaat behoort te word. Geen

poging is deur die vervolging by die verhoor gemaak om 'n behoorlike basis te lê vir die toelating van hierdie hoorse-
getuenis nie, naamlik, deur aan die Hof te probeer aandui dat
dit in die belang van geregtigheid sou wees om Lesch se
5 getuenis toe te laat, en waarom dit so mag wees. Die
getuenis is sonder meer deur die aanklaer geleei asof dit
vanselfsprekend toelaatbaar was. Dit is natuurlik nie so nie.

Die landdros het na my oordeel misgetas toe sy besluit het dat
10 Lesch se getuenis van wai die oorledene aan haar sou gesê
het, toelaatbaar was, indien sy eers sover gekom het om so te
besluit. Daar is in die eerste plek geen getuenis dat toe hy
die verklaring gemaak het, die oorledene "n vaste verwagting
gehad het dat hy ... gaan sterwe en sonder hoop op herstel
15 was" nie. (Sy BOUWER, 1964(4) SA 58 (O) op 59C.) Daar is
selfs ook geen getuenis van hoe lank na die maak van sy
verklaring die oorledene gesterf het nie.

Tweedens, behoort die landdros in elk geval haar diskresie uit
20 te geoefen het teen die toelating van die getuenis omdat dit
blykbaar 'n deurslaggewende rol in die skuldigbevinding van
die appellant gespeel het en –

"... a judge should hesitate long in admitting or
25 relying on hearsay evidence which plays a decisive

or even significant part in convicting an accused unless there are compelling justifications for doing so". (S v RAMAWHALE, 1996(1) SASSV 639 (A) op 649d-e).

Soos ook in daardie saak op 648a gesê is:

"An accused person usually has enough to contend with without expecting him also to engage in mortal combat with the absent witness."

Die landdros het die getuenis van Lesch as stawing van die van Nelson beskou. Deur so te doen het sy dan myns insiens misgetas, aangesien Lesch se getuenis ontoelaatbaar was.

15 Weliswaar is die toelaatbaarheid van die getuenis nie by die verhoor in twyfel getrek nie: Weliswaar was daar geen beswaar daarteen nie, maar desnieteenstaande behoort die landdros van die gevare van hoersê-getuenis bewus te gewees het en dit teoorweeg het. Sonder die bevestigende getuenis van Lesch, is dit twyfelagtig, na my mening, of die landdros op die onbevestigde getuenis van Nelson die appellant sou skuldig bevind het.

Hoe dit ook al sy, die landdros het verder in haar uitspraak 25 geen melding hoegenaamd gemaak van die geloofwaardigheid

van enigeen van die getuies nie, ingesluit die twee beskuldiges. Daarvan moet myns insiens afgelei word dat ten minste wat hulle optrede in die getuiebank betref, geeneen van die verskeie getuies, ingesluit die twee beskuldiges, 'n noemenswaardig swakker of better indruk op die landros gemaak het as enige ander getuie wat geroep is nie. In 'n aangeleentheid soos hierdie moet 'n Hof van appèl natuurlik en onvermydelik op behoorlike geloofwaardigheidsbevindings van die betrokke verhoorhof staatmaak. Hierdie Hof het die

10 getuies nie gesien nie, en hierdie Hof kan gevolglik nie uit sy eie waarnemings sodanige bevindings maak nie, ten minste nie wat betref die betrokke getuies se optrede in die getuiebank nie.

15 Weliswaar het die appellant versuim om sy ma en stiefpa as getuies te roep saam met wie hy, volgens hom, op die betrokke aand by die huis was, en dit skep 'n mate van agterdog oor die sterkte van sy alibi. Die landros het groot gewag hiervan in haar uitspraak gemaak.

20

Dit volg egter nie noodwendig daarvan dat die appellant se alibi vals is nie. Dan is daar op al die getuenis geen sweek van 'n rede waarom die appellant die oorledene sou wou doodmaak nie. Die getuenis van die appellant dat hulle goede vriende van mekaar was, is nie deur die staat weerlê nie.

Daar is byvoorbeeld geen getuienis van enige poging, soos ek gesê het, om die oorledene te beroof nie.

Aan die ander kant, egter, is daar ten minste 'n suggestie dat iemand anders as die appellant dalk 'n rede kon gehad het om nie teenoor die oorledene goedgesind te wees nie. Volgens Nelson was sy ten tye van die incident getroud met eine Armien Faldien. Sy is nou van hom geskei. Sy was saam met die oorledene na die partytjie toe. Hy het haar by haar huis kom haal. Haar man het by die huis met hulle kinders agtergebley. Sy het haar man nie daarvan vertel dat sy saam met die oorledene na die partytjie toe gaan nie, en haar man het ook nie gesien dat sy saam met die oorledene loop nie.

Na die partytjie was die oorledene en Nelson, volgens laasgenoemde, op pad na die huis van eine Saraai toe, toe die incident gebeur het. Wat hulle van voornemens was om by die huis van Saraai te doen, blyk nie uit die getuienis nie, maar wat wel duidelik is, is dat hulle nie op pad na Nelson se eie huis terug was nie. Dit alles skep ten minste die moontlikheid dat Nelson se man 'n rede kon gehad het om teenoor die oorledene ongelukkig te voel, en dat Nelson nou die appellant moontlik valslik impliseer om haar gewese man te beskerm.

Van hierdie aspek het die landros in haar uitspraak die volgende gesê:

“The witness has no reason to say accused 1 shot the deceased if he did not shoot him. In fact no reason was put or suggested to the Court except to say the possibility is that she is protecting her husband who may have committed the murder. That was just an averment and it remains as such, because there was no evidence to support it or create any doubt as to the possibility of that averment.”

Daardeur het die landros myns insiens ook misgetas. Om redelik moontlik waar te wees, is dit natuurlik nie noodsaaklik dat ‘n bewering deur direkte getuenis bewys moet word nie. Dit is voldoende as dit van die omstandighede redelikerwyse aangelei kan word. Daarbenewens staaf die twee beskuldigdes mekaar se getuenis dat hulle op die betrokke aand nie in mekaar se teenwoordigheid was nie. Die landros sê nie in haar uitspraak waarom of op watter basis sy besluit het dat hierdie weergawe van die beskuldigdes vals was nie.

Nelson se getuenis staan daarteenoor alleen en sonder korroborasie, Lesch s’n synde, soos ek reeds gesê het,

ontoelaatbaar. Die waarskynlikheid is taamlik hoog, myns insiens, dat die appellant aan die moord van die oorledene wel skuldig is. Dit is egter, na my oordeel, nie deur die staat bo redelike twyfel bewys nie. Dalk het daar 'n regskending hier plaasgevind deurdat 'n skuldige man nou vrygespreek moet word. Indien dit so is, is dit te wyle aan die onbeholpe wyse waarop Lesch se getuienis deur die vervolging voor die Hof geplaas is, en ook aan die mistastings wat die landros begaan het, waarna ek reeds verwys het.

10

Hoe dit ook al sy, om hierdie redes is ek van mening dat die SKULDIGBEVINDING VAN DIE APPELLANT ONVEILIG IS; DIE APPÈL WORD GEVOLGLIK GEHANDHAAF, EN DIE SKULDIGBEVINDING EN VONNIS VAN DIE APPELLANT WORD TER SYDE GESTEL.

15



THRING, R

20

GOLIATH, R: Ek stem saam.

25